



Nuusbrief

Junie 2016

In hierdie uitgawe

Geloof ?	1
Nico se verslag	3
Radiobediening	3
Veldtog probleme	4
Gebed	7

Algemene inligting

Adres:

Posbus 777
Greytown
3250

Tel/Faks: 033 4131515

Sel: 072 358 7550

E-pos:

met@greytown.co.za

Bank Besonderhede

ABSA
Greytown

Rek Nr. 1910560340

Wanneer geloof nie meer geloof is nie!.

Joh 2:23-24: *En toe Hy in Jerusalem was op die pasga gedurende die fees, het baie in sy Naam geglo, omdat hulle die tekens gesien het wat Hy doen. Maar Jesus self het Hom aan hulle nie toevertrou nie, omdat Hy almal geken het*

Waarom het Jesus, alhoewel die mense in Hom geglo het, Homself nie aan hulle toevertrou nie? Was die rede dat hul geloof 'n aanvaarding was dat Hy net 'n profeet is? (Joh 6:14) Of, het Hy gesien dat hulle harte soos die rotsgrond van **Luk 8:13** was waarop die saad geval het; dat hulle “die **woord met blydskap ontvang**” het, maar hulle **sou “net vir ‘n tyd glo**, en in die tyd van versoeking val hulle af.” Of, Hy het geweet dat hulle te skaam was om openlik hul geloof uit te leef uit vrees vir vervolging? Of, het “hulle die eer van die mense meer liefgehad as die eer van God?” (Joh 12:43)

Om te glo is die **oop hand wat ontvang**, 'n mens se reaksie. Dat Jesus Homself nie toevertrou aan iemand, verduidelik **God se reaksie – Hy vul nie die hand nie**. Jesus weier in Joh 2 'n verhouding met die groepie mense. Hier glo mensemaar Jesus aanvaar nie hulle

geloof as eg nie. Hier word hande opgesteek **om Jesus aan te neem** maar Jesus druk die hande weg! Hulle kon daarna aanhou dink en 'geglo' het dat hulle eendag hemel toe sou gaan want hulle het mos hande opgesteek...maar hulle bluf hulself. "**Hulle is soos 'n oond wat bly brand, ook al het die bakker opgehou met stook.....**" (Hos 4:7)

Dis dié herkenbare 'gelowiges' om ons wat 'n dooie godsdiens sonder 'n persoonlike getuienis; sonder die lewe, leiding en vrede van die Heilige Gees; sonder diepe sonde besef of enige gebrokenheid beoefen. Dis dié 'vroom' kerkmense om ons wat vaag praat van die 'here' of van 'god'van watter here of god hulle praat, is nie duidelik nie!?

Dit is dus moontlik om as 'n 'gelowige' bekend te staan, maar ongered te wees. Wedergeboorte beteken om '**van bo**' gebore te wees. Dit omskryf 'n tyd toe iemand die Heilige Gees ontvang het. Christene **moet weet** dat hulle die Heilige Gees ontvang het. Die ontvangs van die Heilige Gees is Jesus se '**toevertrou**' van Homself aan jou. Jy word 'n tempel, 'n woning van die Heilige Gees. Lees weer Jesus se beskrywing van mense wat die Heilige Gees het. Hy beskryf hulle in die **Saligspreekinge** as 'Saliges' of 'Gelukkiges' of Burgers van die hemelse Koninkryk.(Mat 5:3-11) Paulus beskryf Christene as diegene wat die vrug van die Gees dra.(Gal 5:22) Die boek Handeling beskryf Christene as vreeslose en oorgegewe getuies van Jesus Christus. Judas noem een kenmerk van gemeentelude wat die Heilige Gees **nie** het **nie**: "Dit is hulle wat skeuring maak, sinnelike mense wat **die Gees nie het nie**." Die engelse vertaling lui: "....worldly people, devoid of the Spirit." (Jud 1:19)

Mense aan wie Jesus Homself toevertrou het, is mense aan wie Hy Sy Heilige Gees gegee het. Waar die Heilige Gees woon, daar sal 'n Heilige Gees waardering vir Jesus wees. Waar Hy bly, daar sal "Hy sal van My(Jesus) getuig..... "**(Joh 15:26)** en "...sal My liefhe".(Joh 8: 42)

Hoe seker is jy dat jy die Heilige Gees het? Paulus sê: "**Ondersoek julsself** of julle in die geloof is; stel julsself op die proef. Of is julle nie seker van julsself dat Jesus Christus **in julle is nie...**" (**2 Kor 13:5**) Die vraag van Handeling 19:2 geld nog steeds: "**Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het?**"

Nico doen verslag:

Die Pinksterdienste in Utrecht was 'n uitreik onder die blankes. Van die temas was oa: Godsdienstig maar verlore; Die Ewige Oordeel; Wedergeboorte; Christus die Lam van God; Die droefheid volgens die wil van God. Die opkoms was vër bo verwagting en gemiddeld 110 mense het elke aand gekom ipv. die verwagte swak opkomste.

Talle wat soekend was, het wel gekom vir berading. 'n Man (65) het snikkende vir my gesê dat sy saak met die Here nie reg is nie. Nadat hy duidelikheid uit die Skrif gekry het, het hy met berou 'n oorgawe gemaak. Talle ander het ook gekom oa. 'n man wat hartseer gese het: "Ek is maar net 'n goeie Kornelius, ek is baie godsdienstig maar verlore."

Ten spyte dat die tyd vir my baie uitputtend was, het die Pinksterreeks ook vir my op 'n hoë noot geëindig op die kansel waar Dr. Andrew Murray in 1863 die kerk ingewy het.

Die 30ste Mei begin ons met 'n veldtog op 'n plaas buite die Porterville.

Radiobediening.

Ons wil net die eer aan die Here gee vir dié besondere seën en genade wat ons ervaar met die radiodienste. Die boodskappe is baie radikaal anders as die bv. oor RSG en ander stasies. Die werkers laat God se lig oor tientalle sg kultuur gebruike val waarby christene gedwonge betrokke by moet raak bv. by geboortes, dood en begrafnisse en huwelike. Dit is gebruike waar bygeloof en voorvaderaanbidding ineen vervleg is. Die gevolge van hierdie 'teachings' is verreikend. Baie luisteraars is baie kwaad en betoog dat die programme oor die lug gestaak moet word omdat dit sg. anti-swartkultuur is.

Maar die positiewe reaksie is oorweldigend. Baie bel om dankie te sê om te kan hoor wat die Bybel oor dié sake sê. Baie maak afsprake vir berading en en kom van vër. Leraars van 'n verskeidenheid 'kerke' soek meer inligting en vra dat hulle gemeentes besoek moet word. Talle vra vir onderrig, want hulle wil ook leer om Bybelstudie te doen of om te preek of berading te doen soos ons dit by die tente doen. Ander vra vir 'n tentveldtog. 'n Groot groep pastore in die Josini gebied het 'n 'pastors-fraternal' begin. Daar is besluit dat hulle in samewerking met die 'Chiefs' van die onderskeie gebiede gaan keer dat ander tente met misleidende en verwarrende boodskappe in die gebiede kom veldtogte hou.

Wat is die groot probleme wat die werkers by veldtogte teëkom?

Sedert Januarie is daar veldtogte te Estcourt, Piet Retief, Pietermaritzburg, Utrecht, Bergville en Ndumo gehou. Sekere algemene probleme wat by die meeste veldtogte voorkom, is opsommend as volg:

1. MET is 'n plattelandse bediening. Ons hou nie graag veldtogte in die stede nie want die bywoning is baie swak. Daar is genoeg afleiding soos bv. die TV. Ons het pas weer 'n stads-uitnodiging (Pietermaritzburg) aanvaar en dit was 'n groot teleurstelling. Daarom spits ons ons daarop toe om die jongmense op die platteland te bereik voor hulle in die stede met al die versoekings beland.

2. Die Afrika kultuur is 'n lewenswyse waar elke lewensfase (geboorte, huwelik en dood); in alles wat elke dag gedoen of beplan word, vervleg is met voorvaderaanbidding. **Voorvaderaanbidding** is 'n godsdiens met die sangoma en toordokter as geestelike leiers. As 'n groepsmens is elke swartmens deel van 'n groter familie. Om tot bekering te wil kom, het hy eers die toestemming van die familie nodig. Wanneer 'n persoon die begeerte openbaar om Jesus te volg, stuur ons hom terug na sy huis om toestemming te vra. Baie familiehoofde weier toestemming. Meeste kerke se lidmate is aanhangers van voorvaderaanbidding.

Enkeles soos die jongman van Bergville, was gepla deur die voorvadergeeste. Hy het gereeld visioene en drome gehad waarin die geeste vir hom deur openbaringe dinge uitgewys het (waarsêery). Hy het later tou opgegooi en is uit die skool. Die profete en sangomas het gesê dat sy probleem slegs sal weggaan as hy ook 'n sangoma word. Die werkers het vir sy bevryding gebid nadat hy al sy muthi's gebring het om verbrand te word.

3. **Sedeloosheid** is 'n groot probleem wat lei na verkragtings, swangerskappe, agterstraat-aborsies, depressie en selfmoord. Omdat die huwelik nie tot sy reg kom nie, beland die kinders uit losse verhoudings by die grootmaak ouma. Kinders word groot sonder die vader as gesags-figuur. Sulke kinders het geen Godsbegrip, weier alle gesag en dissipline, raak by misdaad betrokke, kan soms baie wreed wees en het geen christelik-gevormde gewete a.g.v die gebrek aan Christelike opvoeding.

Ons dank die Here vir Bongani Gumede wat uit so 'n agtergrond kom, die kriminele wêreld van 'gangsterism' betree het, moord gepleeg het en tot 30jaar tronkstraf gevonnissen is. Deur 'n bonatuurlike ingryping is hy deur een van ons voormalige werkers in die tronk na die Here gelei en deur 'n wonderwerk is hy na sewe jaar vrygelaat. Hy is nou in opleiding by die tent en het sy getuigenis gegee tydens die Bergville veldtog. Die mense was verstom en diep geraak oor sy getuigenis.

Werkers vertel van Bandile Mkhize, “a 20 year old girl had a problem of sleeping around with numerous men. In her habit of doing such, she conceived a child whose father she does not even know who he is. She was also into drugs. She received Jesus in the service and came to confess all that. She still needs continuous prayer to be strong in the Lord.”

4. Dertig tot veertig jaar gelede was '**Drugs**' op die platteland beperk tot drank en rook. Vandag het dit gegroei tot 'n massiewe jeugprobleem. Tydens die veldtog te Bergville, is die skole ook besoek. Selfs die nuwe 'drug', 'Mercedes' is ook hier op die platteland 'n groot probleem. Van die leerlinge het gekom vir berading en gebed.

5. Jare terug het baie min mense by ons hulp met **transgender probleme** kom soek. Deesdae is dit nie snaaks wanneer 'n man kom hulp soek omdat hy graag soos 'n vrou wil aantrek.

Mpontshane vertel: A young man “Gama” came for counseling. This young man had the appearance of a female with his dreadlocks. We had a session with him where we found that other men were falling in love with him. We gave him Biblical advice how to be a man of God and he gladly received our counsel.”

6. Waar ons 30-40 jaar gelede op die platteland baie min **moslems** onder die inheemse bevolkings gekry het, is dit vandag baie algemeen om bv. 'n Zoeloe familie te kry wat die moslem-geloof aanvaar het. Moskees en moslemskole het soos padastoele opgespring. Vir arm families is die 'gratis' hulp aan kospakkies en skoolklere 'n onweersstaanbaar uitnodiging om hul kinders na moslemskole te stuur! In sommige gebiede kan jy dit nie waag om iets negatief in die tent oor Islam te sê nie. Jongmense sal aggressief opspring en wanordelik die tentdiens met sy besware ontwig. In die lig van kerke se kwynende sendingaksies, is die groei van Islam ontstellend!

7. **Die vlak geestelike toestand van die Kerke** is ontstellend. Rose Thabethe van Piet Retief was by talle los seksuele verhoudings betrokke. Verder het sy 'n drankprobleem gehad. Haar ma het haar christelik grootgemaak maar sy het heeltemal afvallig geword. Die begeerte het geleidelik weer terug gekeer om die Here te dien. Sy besluit toe om by 'n kerk aan te sluit net om later met skok uit te vind dat die pastor self vasgevang is in die dinge waarvan sy wil wegbreek. Die pastoor het talle verhoudings met jong meisies in die gemeente. Toe die verwarring....waarheen nou? Is al die ander kerke ook so?

8. Dan is daar die '**entrepeneur-pastore**', gebore besigheidsmanne! Geseënde water, 'n 'bargain' vir slegs R4 tot 500 per bottel! Hoë verwagtings word geskep rondom die wonderkuur.....en as die wonderwerker en sy tent vertrek, laat hy baie ontnugterd agter. Wanneer ons tent daar opdaag, weier die mense om na ons tentdienste te kom. Die tente is mos almal bedrieërs. Dit gaan nou tyd neem voordat die vooroordeel verwyder is as hulle sien dat die MET tent nie soos die ander tente preek en werk nie.

Ons sal nie eers praat van die **rugkrap bedieninge** nie. Lidmaatskap en kleredrag van die kerk maak van hom 'n gelowige! Wanneer iemand wysgemaak is dat hy klaar 'n gelowige is, is dit baie moeilik om so 'n persoon by die Kruis uit te kry. Dikwels val ons waarskuwings oor voorvaderaanbidding op dowe ore want sy kerk keur dit goed.

Mpontshane vertel: “In the area of Woodford, the people had a stigma to tents because of the other tents did that have come to this area. At first, the people did not trust us. As time went by, and as they heared our message and presentation, they began to come to our services. One of the things the people liked, was the fact that our tent services were not run like previous tents that sowed discord in families through “prophesies, and money making tricks”.

Danksegging en gebedsversoeke:

Ons dank die Here vir die skenking deur 'n afgetrede predikant van 'n klanksisteem met mikrofone en staanders, 'n groot skerm en ander benodigdhede.

Bid vir die nege gemeentes in die Makatini-vlakte.

Bid vir die Maputuland Community Radio dat die boodskappe mense na God te sal bring. Daar is druk dat die boodskappe meer akkommodierend moet wees.

Dankie aan elkeen wat getrou bydra en betrokke is in voorbidding vir die werk.

Ons is dankbaar vir die veldtogte wat sover gehou is. Bid vir veldtogte wat nog gehou gaan word.

Danksegging: Nico het 'n geseënde Pinksterreeks te Utrecht gehad.

Bid vir die werkers en tentleiers, vir bewaring dat verkeerde werkers ingeneem sal word. Bid vir arbeiders vir die oes.

Bid vir ons voorsitter, Theunis Steenkamp asook vir Ria Pretorius, ons sekretaresse, wat haar werk briljant en getrou doen.

Groete,

Theuns, Nico, ea Raadslede, ons sekretaresse Ria en al die MET werkers



Opleiding: "Hoe om met kinders te werk"

Piet Retief Veldtog



We go the *extra* mile to bring you

A guaranteed great shopping experience!

QUALITY YOU CAN AFFORD!

FABULOUSLY FRIENDLY SERVICE!

LOW PRICES TO FIT YOUR POCKET!

MORE THAN ENOUGH REASONS TO
SHOP WHERE SOUTH AFRICA SHOPS AND SAVE

OK GROCER

RICHARDS BAY BOLERO PARK, KRUGER RAND ROAD
TEL: 035 789 0742

Open 7 Days a Week

TRADING HOURS:
MON. - SUN.
7:00 - 19:30

FIREFLY Advertising OKF7892



UNIVERSAL TROPHY SERVICES cc

CK 2003/050989/23
Tel: 0027 12 811 0655
Fax: 0027 12 811 1060

E-mail: info@universaltrophyservices.co.za

P.O.Box 11526, Tiegerpoort, 0056, Pretoria,
South Africa, Plot 114, Bashewa, Pretoria.

- * We're a registered Taxidermy Facility offering a top quality "dip & ship" services.
- * We do packaging, crating and exporting of trophies & curio's.
- * We do tanning and skull mounting within 3 - 4 months.
- * We're competitively priced.
- * We're compliant with International Import & Export regulations